

No. 15 van 1974.]

**ADDISIONELE BEGROTINGSORDONNANSIE
(1974-75).**

*(Goedgekeur 10 Desember 1974).
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)
(Datum van inwerkingtreding 17 Desember 1974).*

ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag van hoogstens tien miljoen vier-en-dertig duisend vierhonderd en tien rand ten behoeve van die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1975 eindig.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, **VERORDEN SOOS VOLG:-**

Gebiedsinkomstefonds belas met R 10 034 410 op Inkomsterekening.

1. Die Gebiedsinkomstefonds word hiermee belas met die bedrag van tien miljoen vier-en-dertig duisend vierhonderd en tien rand op die Inkomsterekening soos uiteengesit in die Bylae, tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir die diens van die Gebied vir die boekjaar wat op 31 Maart 1975 eindig soos in Ordonnansie 4 van 1974 vermeld is.

Aanwending van geld.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae by hierdie Ordonnansie en meer omstandig uiteengesit in die Begroting van Bykomende Uitgawe (S.W.A. 4-1974) soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur, en vir geen ander doel nie.

Met goedkeuring van Administrateur-in-Uitvoerende Komitee kan besparings ter bestryding van oorskrydings aangewend word.

3. Met die goedkeuring van die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee kan 'n besparing onder die een subhoof van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van 'n oorskryding onder enige ander subhoof, of van uitgawe onder 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die somme wat in kolom 2 van die Bylae tot Ordonnansie 4 van 1974 voorkom, nie oorskry mag word nie, en besparings daarop ewemin aangewend mag word vir enige ander doel as dié waarvoor die geld toegestaan was soos in die gemelde Bylae aangedui.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die **Addisionele Begrotingsordonnansie (1974-75), 1974.**

No. 15 of 1974.]

ADDITIONAL APPROPRIATION ORDINANCE
(1974-75).

*(Assented to 10 December 1974.)
(English text signed by the Administrator.)
(Date of commencement 17 December 1974.)*

ORDINANCE

To apply a further sum not exceeding ten million thirty-four thousand four hundred and ten rand towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1975.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:-

1. The Territory Revenue Fund is hereby charged with the sum of ten million thirty-four thousand four hundred and ten rand on Revenue Account as shown in the Schedule to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the Territory for the financial year ending on the 31st March, 1975, as specified in Ordinance 4 of 1974.

Territory Revenue Fund
charged with R10 034 410
on Revenue Account.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule to this Ordinance and more particularly specified in the Second Additional Estimates of Expenditure (S.W.A. 4-1974) as approved by the Legislative Assembly, and to no other purpose.

Application of money.

3. With the approval of the Administrator-in-Executive Committee, a saving on any sub-head of a Vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head, or expenditure on a new subhead of the same Vote: Provided that the sums appearing in column 2 of the Schedule to Ordinance 4 of 1974 shall not be exceeded, nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money was granted as indicated in the said Schedule.

With approval of Administrator-in-Executive Committee savings may be made available to meet expenses.

4. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation Ordinance (1974-75), 1974.

Short title.

No. 15 van 1974.]

ADDISIONELE BEGROTINGSORDONNANSIE
(1974-75).

BYLAE

(Ten laste van Inkomsterekening.)

No. van Begrotingspos	Benaming van Begrotingspos	Bedrag R
1.	Administrasie	10
2.	Wetgewende Vergadering	36 600
3.	Onderwys	1 644 000
4.	Werke	500 000
5.	Gesondheid	582 000
6.	Paaië	82 000
7.	Natuurbewaring en Toerisme	324 000
8.	Vervoer	314 500
9.	Pensioene en Gratifikasies	503 000
10.	Oudit	6 600
12.	Voorrade	37 700
13.	Wetsadministrasie	4 000
14.	Aanwending tot die Gebiedsontwikkelings- en -Reserwefonds	6 000 000
		10 034 410

No. 15 of 1974.]

ADDITIONAL APPROPRIATION ORDINANCE
(1974-75).

SCHEDULE

(Chargeable to Revenue Account.)

Vote No.	Vote Designation	Amount R
1.	Administration	10
2.	Legislative Assembly	36 600
3.	Education	1 644 000
4.	Works	500 000
5.	Health	582 000
6.	Roads	82 000
7.	Nature Conservation and Tourism	324 000
8.	Transport	314 500
9.	Pensions and Gratuities	503 000
10.	Audit	6 600
12.	Supplies	37 700
13.	Law Administration	4 000
14.	Appropriation to the Territorial Development and Reserve Fund	6 000 000
		10 034 410